# KINDERKERK LES: Vrugte van die Heilige Gees

**Doel van les:**

Vandag leer ons van die Vrugte van die Heilige Gees en hoe dit in ons lewens werk.

**INLEIDING:**
Sjoe, ons het nou al so baie van die Heilige Gees geleer die kwartaal – kom ons kyk gou wat julle kan onthou:
***Vrae:***
- Wie is die Heilige Gees?
- Wat kan die Heilige Gees doen?

Nou gaan ons bietjie verder kyk – kom ons hoor gou :

**YSBREKER**:
- Wie van julle hou van vrugte?
- Wat is julle favorite vrugte?
- Weet julle dat alle vrugte anders lyk en anders proe?
- Nie een vrug lyk of proe dieselfde nie!!!
- Kom ons kyk gou of dit waar is – laat die kinders aan 'n paar verskillende soorte vrugte proe:

**WAT BETEKEN VRUGTE VAN DIE GEES**?
- Ek het nou die dag van 'n snaakse iets in die Bybel gelees.
- Ek het gelees dat Jesus se kinders vrugte moet dra…
- Ek is mos nie 'n boom nie? Hoe kan ek dan vrugte dra?
- Nee, dis nie regte vrugte soos appels en pere waarvan die Bybel praat nie – dis die vrugte van die Heilige Gees.
- Die vrugte van die Gees is so bietjie soos regte vrugte, want elkeen is spesiaal en anders, net soos regte vrugte.
- ***Ek wil dit so aan julle verduidelik***:
- Dink nou mooi. Voordat jy `n kind van Jesus geword het, wat se lelike dinge het jy gedoen wat toe vir jou sommer lekker was om te doen?
- ***Voorbeelde***: Miskien het jy daarvan gehou om…al jou lekkers net vir jouself te hou.
- Wou jy jou goed met niemand deel nie.
- Daarvan gehou om……..met my boetie/sussie/maatjie te baklei.
- Sommer baie kwaad geword en `n tantram gegooi. Geskree en gegil.
- En toe jy `n kind van Jesus word, was al hierdie lelike dinge nie meer vir jou lekker nie?
- Dit is wat dit beteken om die vrugte van die Gees te dra.
- Toe jy nog nie vir Jesus in jou hart ingenooi het nie, het jy al die dinge gedoen wat die duiwel so gelukkig maak.
- Dis nou baklei, en lelik praat en om dikmond rond te loop en nog baie ander ook.

- Maar toe jy Jesus in jou hart innooi, het die Heilige Gees in jou hart kom woon.
- Jy kan hom nie sien nie, maar Hy is daar. Jy kan Hom ook nie voel nie.
- Maar jy en ander mense kan sien wat Hy doen!
- En dit wat Hy doen, noem ons die vrugte van die Gees.
- Die Heilige Gees laat jou ander dinge doen sodat die mense kan sien dat ek Jesus se kind is.

**VRUGTE VAN DIE GEES:**
Daar is 9 vrugte van die Gees en ek gaan nou vir julle prentjies wys en ons gaan gesels oor hierdie vrugte. Wys elke prentjie vir kinders wat voorbeeld is van die spesifieke vrug en ook die prentjie wat voorbeeld wys van iemand wat nie hierdie vrug het nie.

- Nou gaan ek julle vertel hoe lyk die vrugte van die Heilige Gees.
- Nou sien julle, al weet jy dit nie, laat die Heilige Gees jou vrugte dra.
- Alleen kan ons dit nooit doen nie, maar die Heilige Gees help ons sodat ander mense kan sien dat ons anders is, dat ons vir Jesus lief het.
- `n Mens is sommer lelik as die Heilige Gees nie vir jou help om Sy vrugte te dra nie.
- Dit is amper soos `n wurmpie wat rondkruip op die grond en baie mense gril vir hom, maar eendag verander daardie selfde wurmpie in `n skoenlapper en almal wil aan hom vat omdat hy so mooi is.
- Ons kan sê dat die Heilige Gees ons van wurms verander na Jesus se Skoenlappers.

**TOEPASSING:**
- Vra eers `n paar vrae oor die gesprek sodat jy kan agterkom hoeveel daarvan die kinders verstaan het.
- Beklemtoon dit dat die vrug van die Gees `n mens verander, dat jy anders praat en optree
- Beklemtoon dit ook dat as jy sê dat jy Jesus in jou hart ingenooi het, jou optrede anders moet wees as die maatjie s`n wat nie vir Jesus lief het nie.

**Speletjie 1: Twee bome:** Kies twee kinders in die groep wat soos 'n boom gaan staan. Een boom sal die "Goeie boom" en die ander een die "Slegte boom" wees. Knip die goeie en slegte vrugte ingesluit by die les uit en meng dat dit deurmekaar is. Lees die stellings vir die kinders en hulle moet so gou as wat hulle kan die stellings plak op die regte "Boom".

**(Indien daar tyd is, kan die speletjie ook gespeel word of boekie kan ingekleur word)**

**Speletjie 2**: **Vrugte slaai:** Plaas stoele in 'n groot sirkel met een stoel minder as die aantal kinders wat speel. Elke kind gaan op 'n stoel sit en na die middel van die sirkel kyk met een kind wat in die middel van die sirkel staan. Gee vir elke kind 'n papiertjie met 'n Vrug van die Gees op en hulle mag vir niemand wys nie. Die kind in die middel roep dan 'n Vrug van die Gees uit bv nederigheid. Die kinders wat die Vrug van nederigheid het, moet opspring en stoele ruil met mekaar terwyl die kind in die middel ook hardloop vir 'n oop stoel. Die kind wat nie 'n stoel kry nie, staan dan in die middel en roep 'n ander Vrug uit. (onderwyser sal natuurlik moet help met

die Vrugte, daar is 9 om uit te kies)  So gaan die speletjie aan totdat tyd verstreke is of net voor kinders moeg raak.

**Praktiese Aktiwiteit:** Gee Vrugte van die Gees boekie vir kinders om in te kleur.

Sluit af met gebed.

**Goeie vrugte:**

**Om vrae te vra oor die Bybel omdat ek nie verstaan nie**

**Vertrou op God al is ek bekommerd**

**Om nie my boetie/sussie te slaan nie al het hulle my goed "destroy"**

**Ander van Jesus te vertel**

**Sê dankie vir die Here in plaas van om te kla**

**Help die nuwe meisie/outjie in die skool om vriende te maak**

**Jesus met my hele hart lief hê**

**Om te sing tot God met vreugde in my hart**

**Slegte Vrugte**

**Kla omdat ek kerk toe moet kom**

**Baklei by die skool**

**Om onvriendelik te wees**

**Om iemand anders se goed so graag te wil hê dat ek dit steel**

**Jy beter die "remote" nou vir my gee**

**Om X-Box te speel tot ek blou word**

**Me! Me! Me! Me! Ek is die belangrikste persoon op die aarde**

**Kyk die program op televisie wat my ouers nie wil hê ek moet kyk nie**